Republiek van Suid-Afrika ◆ Republic of South Africa

Staatskoerant
Government Gazette

(As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer) (Registered at the Post Office as a Newspaper)

Prys 10c Price
Oorsee 15c Overseas
POSVRY - POST FREE

VOL. XIII.] PRETORIA, 18 SEPTEMBER 18 SEPTEMBER 1964. [No. 899.

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS.

DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER

No. 1429.] [18 September 1964.

AANSTELLING VAN WAARNEMENDE MINISTER.

Hierby word bekendgemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die aanstelling, met ingang van 29 Augustus 1964, van Sy Edele dr. N. DIEDERICHS as waarnemende Minister van Finansies gedurende die afwesigheid uit Suid-Afrika van Sy Edele dr. T. E. DÖNGES.

DEPARTEMENT VAN LANDE.

No. 1427.] [18 September 1964.

VOORGESTELDE VERHURING VAN 'N GEDEELTE VAN DIE SE TE ILLOVO BEACH, COUNTY DURBAN, PROVINSIE NATAL, VIR DIE AANLÊ EN INSTANDHOUDING VAN HAAINETTE.

Hierby word, ingevolge subartikel (5) van artikel *drie* van die Strandwet, 1935, soos gewysig, bekendgemaak dat die Minister van Lande voornemens is om 'n gedeelte van die see te Illovo Beach, County Durban, Provinsie Natal, die oppervlaktelengte ongeveer 1,400 voet, geleë teenoor die Illovo Beach-spoorweghalte, County Durban, Provinsie Natal, aan die Illovo Beach-Karridene Development Association te verhuur vir die doel van die aanlê en instandhouding van haainette.

'n Liggingsplan lê ter insae in die kantoor van die Streekverteenwoordiger, Departement van Lande, Pietermaritzburg.

(Lande 12433/5.)

DEPARTEMENT VAN BOSBOU.

No. 1431.] [18 September 1964.

ONTTREKKING VAN GEDEELTE VAN DIE GEDEMARKEERDE BOSSTREEK.

Ooreenkomstig die besluit geneem deur beide Huise van die Parlement gedurende die sitting van 1963 (Volksraad, 20 Junie 1963; Senaat, 26 Junie, 1963), kragtens artikel *nege* van die Boswet, 1941 (Wet No. 13 van 1941), soos gewysig, word die gedeelte van die gedemarkeerde bosreservaat in die Bylae hiervan gemeld, hierby aan die gedemarkeerde bosstreek onttrek.

GOVERNMENT NOTICES.

DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER

No. 1429.] [18 September 1964.

APPOINTMENT OF ACTING MINISTER.

It is hereby notified that the State President has approved of the appointment, with effect from 29th August, 1964, of Dr. the Honourable N. DIEDERICHS as acting Minister of Finance during the absence from South Africa of Dr. the Honourable T. E. DÖNGES.

DEPARTMENT OF LANDS.

No. 1427.] [18 September 1964.

PROPOSED LEASE OF A PORTION OF THE SEA AT ILLOVO BEACH, COUNTY OF DURBAN, PROVINCE OF NATAL, FOR THE INSTALLATION AND MAINTENANCE OF ANTI-SHARK NETS.

Notice is hereby given in terms of sub-section (5) of section *three* of the Sea-shore Act, 1935, as amended, that the Minister of Lands proposes to lease to the Illovo Beach -Karridene Development Association a portion of the sea at Illovo Beach, County of Durban, Province of Natal, the surface length measuring approximately 1,400 feet and situate opposite the Illovo Beach railway halt, County of Durban, Province of Natal, for the purpose of installing and maintaining anti-shark nets.

A site plan lies for inspection at the office of the Regional Representative, Department of Lands, Pietermaritzburg.

(Lands 12433/5.)

DEPARTMENT OF FORESTRY.

No. 1431.] [18 September 1964.

EXCISION OF PORTION OF THE DEMARCATED FOREST AREA.

In accordance with the resolution adopted by both Houses of Parliament during the 1963 Session (Assembly, 20th June, 1963; Senate, 26th June, 1963), in terms of section *nine* of the Forest Act, 1941 (Act No. 13 of 1941), as amended, the portion of the demarcated forest reserve referred to in the Schedule hereto is hereby withdrawn from the demarcated forest area.

BYLAE.

Afdeling.	Beskrywing van grond.	Grootte.		Gedemarkeer by Goewermentskennisgewing No.
		Morg.	Vierkante roede.	
Paarl.....	Gedeelte van Gedeelte 1 van Meerlust A, Samestellende Gedeelte No. 2 van Meerlustbosreservaat No. 121	3 (ongeveer)	—	1201/1950

No. 1432.] [18 September 1964.

ONTTREKKING VAN GEDEELTE VAN DIE GEDEMARKEERDE BOSSTREEK.

Ooreenkomstig die besluit geneem deur beide Huise van die Parlement gedurende die sitting van 1964 (Volksraad, 9 Junie 1964; Senaat, 18 Junie 1964), kragtens artikel *nege* van die Boswet, 1941 (Wet No. 13 van 1941), soos gewysig, word die gedeelte van die gedemarkeerde bosreservaat in die Bylae hiervan gemeld, hierby aan die gedemarkeerde bosstreek onttrek.

BYLAE.

Afdeling.	Beskrywing van grond.	Grootte.		Gedemarkeer by Goewermentskennisgewing No.
		Morg.	Vierkante roede.	
Lower Umfolozi	Empangeniplantasie (Perseel 167), Samestellende Gedeelte No. 1 van Empangenibosreservaat No. 604	364	320	336/1906

DEPARTEMENT VAN FINANSIES

No. 1423.] [18 September 1964.

Hierby word bekendgemaak dat die oordragboeke van die ondergenoemde Plaaslike Geregistreerde Effekte van 1 Oktober 1964 tot en met 1 November 1964 gesluit sal wees en dat die dividende betaalbaar op 1 November 1964 aan die effektebesitters wat op die datum van sluiting van die oordragboeke geregistreer is, betaal sal word.

Plaaslike Geregistreerde $3\frac{3}{4}$ persenteffekte 1964/67.
Plaaslike Geregistreerde $4\frac{1}{2}$ persenteffekte 1974.
Plaaslike Geregistreerde $4\frac{1}{2}$ persenteffekte 1973.
Plaaslike Geregistreerde $5\frac{1}{4}$ persenteffekte 1966.
Plaaslike Geregistreerde $3\frac{1}{2}$ persenteffekte 1968/70.

No. 1433.] [18 September 1964.

PLAASLIKE GEREGISTREERDE 3-PERSENT-EFFEKTE, 1957/64 (OORLOGSUITGIFTE). SERTIFIKAAT No. 7285 VIR R200 UITGEREIK TEN GUNSTE VAN CECIL JOHN HEIBERG AS VADER EN NATUURLIKE VOOG VAN ROBERT JOHN HEIBERG (MINDERJARIGE), DENIS VICTOR HEIBERG (MINDERJARIGE) EN KENNETH WILLIAM HEIBERG (MINDERJARIGE).

Aangesien daar by die Tesourie aansoek gedoen is om 'n duplikaat van bovermelde effektesertifikaat wat verloor of verlê is, word hierby bekendgemaak dat, tensy die oorspronklike binne vier weke na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing by hierdie kantoor ingelewer word, die verlangde duplikaat uitgereik sal word.

SCHEDULE.

Division.	Description of Land.	Area.		Demarcated by Government Notice No.
		Morgen.	Square Roods.	
Paarl.....	Portion of Portion 1 of Meerlust A, Component No. 2 of Meerlust Forest Reserve No. 121	3 (approx.)	—	1201/1950

No. 1432.] [18 September 1964.

EXCISION OF PORTION OF THE DEMARCATED FOREST AREA.

In accordance with the resolution adopted by both Houses of Parliament during the 1964 Session (Assembly, 9th June, 1964; Senate, 18th June, 1964), in terms of section *nine* of the Forest Act, 1941 (Act No. 13 of 1941), as amended, the portion of the demarcated forest reserve referred to in the Schedule hereto is hereby withdrawn from the demarcated forest area.

SCHEDULE.

Division.	Description of Land.	Area.		Demarcated by Government Notice No.
		Morgen.	Square Roods.	
Lower Umfolozi	Empangeni Plantation (Lot 167), Component No. 1 of Empangeni Forest Reserve No. 604	364	320	336/1906

DEPARTMENT OF FINANCE

No. 1423.] [18 September 1964.

Notice is hereby given that the Transfer Books of the undermentioned Local Registered Stocks will be closed from the 1st October, 1964, to the 1st November, 1964, both days inclusive, and that the dividends due on the 1st November, 1964, will be paid to the stockholders registered at the date of the closing of the Transfer Books.

$3\frac{3}{4}$ Per Cent Local Registered Stock, 1964/67.
$4\frac{1}{2}$ Per Cent Local Registered Stock, 1974.
$4\frac{1}{2}$ Per Cent Local Registered Stock, 1973.
$5\frac{1}{4}$ Per Cent Local Registered Stock, 1966.
$3\frac{1}{2}$ Per Cent Local Registered Stock, 1968/70.

No. 1433.] [18 September 1964.

3 PER CENT LOCAL REGISTERED STOCK, 1957/64 (WAR BOND ISSUE). CERTIFICATE No. 7285 FOR R200 ISSUED IN FAVOUR OF CECIL JOHN HEIBERG AS FATHER AND NATURAL GUARDIAN OF ROBERT JOHN HEIBERG (MINOR), DENIS VICTOR HEIBERG (MINOR) AND KENNETH WILLIAM HEIBERG (MINOR).

Application having been made to the Treasury for a duplicate of the above-mentioned certificate of stock the original having been lost or mislaid, notice is hereby given that unless the original be produced at this office within four weeks from the date of publication of this notice, a duplicate as applied for, will be issued.

No. 1449.] [18 September 1964.

DIE NATALSE GENOOTSKAP VAN REKENMEESTERS [GEÏNKORPOREER KRAGTENS WET No. 35 VAN 1909 (REKENMEESTERSWET, 1909) (NATAL), SOOS GEWYSIG].

Kragtens die bepalings van artikel *een-en-twintig* van bogenoemde Wet word die volgende wysigings van die Verordeninge van die Natalse Genootskap van Rekenmeesters, soos afgekondig by Goewermentskennisgewing No. R. 652 van 1 Mei 1964, hierby afgekondig. Die wysigings tree met ingang van 1 Mei 1964 in werking: —

Verordening 2.—Die skrapping van die woorde "die Provinsie" waar dit in die woordomskrywing van "Genootskap" voorkom.

Verordening 6.—Die vervanging van die woord "vyf" deur die word "drie" in die derde reël.

Verordening 63 (*b*).—Die skrapping van die woorde "in or" in die laaste reël van die Engelse teks.

Verordening 64 (*a*).—Die vervanging van die woorde "shall take immediate effect" deur die woorde "shall take effect when made" in die tweede reël van die Engelse teks.

No. 1449.] [18 September 1964.

THE NATAL SOCIETY OF ACCOUNTANTS [INCORPORATED UNDER ACT No. 35 OF 1909 (ACCOUNTANTS' ACT, 1909) (NATAL), AS AMENDED].

In terms of the provisions of section *twenty-one* of the above-mentioned Act, the following amendments to the By-laws of the Natal Society of Accountants, as promulgated under Government Notice No. R. 652 of the 1st May, 1964, are hereby promulgated. The amendments take effect from 1st May, 1964: —

By-law 2.—The deletion of the words "the Province of" where they occur in the definition of "Society".

By-law 6.—The substitution of the word "three" for the word "five" in the third line.

By-law 63 (*b*).—The deletion of the words "in or" in the last line of the English text.

By-law 64 (*a*).—The substitution of the words "shall take effect when made" for the words "shall take immediate effect" in the second line of the English text.

DEPARTEMENT VAN BINNELANDSE SAKE.

No. 1451.] [18 September 1964.

WET TOT REGELING VAN DE TOELATING VAN PERSONEN TOT DE UNIE, 1913 (WET No. 22 VAN 1913), SOOS GEWYSIG.

Ingevolge subartikel (2) van artikel *drie-en-twintig* van die Wet tot Regeling van de Toelating van Personen tot de Unie, 1913 (Wet No. 22 van 1913), soos gewysig, magtig ek, JOHANNES DE KLERK, Minister van Binnelandse Sake, hierby mnr. W. W. Blomerus, van die Departement van Binnelandse Sake, om enige orders, lasbriewe, permitte, sertifikate of ander dokumente wat kragtens die bepalings van die Wet en/of regulasies uitgevaardig ingevolge die Wet, uitgereik mag word, met terugwerkende krag van 1 Augustus 1964 te onderteken.

J. DE KLERK,
Minister van Binnelandse Sake.

2 September 1964.

No. 1452.] [18 September 1964.

WET TOT REGELING VAN DE TOELATING VAN PERSONEN TOT DE UNIE, 1913 (WET No. 22 VAN 1913), SOOS GEWYSIG.

Ingevolge subartikel (2) van artikel *drie-en-twintig* van die Wet tot Regeling van de Toelating van Personen tot de Unie, 1913 (Wet No. 22 van 1913), soos gewysig, magtig ek, JOHANNES DE KLERK, Minister van Binnelandse Sake, hierby mnr. Carel Frederick Meiring, van die Departement van Indiërsake om Sertifikate van Identiteit wat uitgereik mag word kragtens subartikel (2) van artikel *vyf-en-twintig* van genoemde Wet en regulasie 21 van die regulasies ingevolge die bepalings van die Wet uitgevaardig, met ingang van 1 September 1964 te onderteken.

J. DE KLERK,
Minister van Binnelandse Sake.

2 September 1964.

DEPARTMENT OF THE INTERIOR.

No. 1451.] [18 September 1964.

ADMISSION OF PERSONS TO THE UNION REGULATION ACT, 1913 (ACT No. 22 OF 1913), AS AMENDED.

In terms of sub-section (2) of section *twenty-three* of the Admission of Persons to the Union Regulation Act, 1913 (Act No. 22 of 1913), as amended, I, JOHANNES DE KLERK, Minister of the Interior, hereby authorise Mr. W. W. Blomerus, of the Department of the Interior, to sign any orders, warrants, permits, certificates or other documents which may be issued in terms of the Act and/or regulations framed under the Act, with retrospective effect from 1st August, 1964.

J. DE KLERK,
Minister of the Interior.

2nd September, 1964.

No. 1452.] [18 September 1964.

ADMISSION OF PERSONS TO THE UNION REGULATION ACT, 1913 (ACT No. 22 OF 1913), AS AMENDED.

In terms of sub-section (2) of section *twenty-three* of the Admission of Persons to the Union Regulation Act, 1913 (Act No. 22 of 1913), as amended, I, JOHANNES DE KLERK, Minister of the Interior, hereby authorise Mr. Carel Frederick Meiring, of the Department of Indian Affairs, to sign certificates of identity which may be issued in terms of sub-section (2) of section *twenty-five* of the Act and regulation 21 of the regulations framed under the Act, with effect from 1st September, 1964.

J. DE KLERK,
Minister of the Interior.

2nd September, 1964.

DEPARTEMENT VAN BANTOE-ADMINISTRASIE EN -ONTWIKKELING.

No. 1435.] [18 September 1964.

MUNISIPALITEIT VAN NIGEL.—INRIGTING VAN TEHUISE VIR BANTOEMANS.

Die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling het kragtens paragraaf (*c*) van subartikel (1) van artikel *twee* van die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (Wet No. 25 van 1945), sy goedkeuring daaraan geheg dat die Munisipaliteit van Nigel binne die lokasie en Bantoedorp wat in Goewermentskennisgewing No. 92 van 24 Januarie 1964, genoem word 'n sekere stuk grond, 5·2382 morg groot, synde Perseel No. 2 soos aangetoon op planne wat in die kantoor van die Sekretaris van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, Pretoria, en van die Stadsklerk van genoemde stedelike plaaslike bestuur bewaar word, bepaal, afsonder en aanlê om daarop een of meer geboue of groepe geboue in te rig vir die huisvesting van Bantoemans wat geen familielewe lei nie.

DEPARTEMENT VAN LANDBOU-TEGNIESE DIENSTE.

No. 1421.] [18 September 1964.

SHONGWENIDAM - GRONDBEWARINGSGEBIED, GELEË IN DIE LANDDROSDISTRIKTE CAMPERDOWN EN PINETOWN, PROVINSIE NATAL.—VERANDERING VAN GRENSE (NATALSTREEK).

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *ses-en-twintig* van die Grondbewaringswet, 1946 (Wet No. 45 van 1946), soos gewysig, wysig ek hierby die Bylae van Proklamasie No. 43 van 21 Maart 1952, soos gewysig, by Proklamasie No. 60 van 7 Maart 1958, deur die omskrywing van die grense van die Shongwenidam-grondbewaringsgebied in genoemde Bylae te vervang deur die omskrywing soos vervat in die Bylae hiervan.

P. M. K. LE ROUX,
Minister van Landbou-tegniese Dienste.

BYLAE.

Die hele gebied wat omsluit word deur die volgende grense: Van die noordwestelike baken van die plaas Woody Glen No. 1247, in 'n oostelike rigting langs die grens van genoemde Woody Glen No. 1247 tot waar dié grens die Sterkspruit sny; daarvandaan in 'n algemeen suidoostelike rigting langs die grense van en insluitende die volgende eiendomme agtereenvolgens, naamlik genoemde Woody Glen No. 1247, C en D van Hammarsdale No. 6981, resterende gedeelte van Hammarsdale No. 6981, Perseel 5 Sterkspruit No. 1611, Perseel 6 Sterkspruit No. 1612, Perseel 7 Sterkspruit No. 1605, Waterfrost No. 8120, Perseel ZZ 9816, Grond A.G. 7688; daarvandaan in 'n algemeen noordoostelike rigting langs die grense van en insluitende die volgende eiendomme agtereenvolgens, naamlik Grond A.F. 7962, Grond A.E. 6616, Grond A.D. 10633; daarvandaan in 'n algemeen westelike en noordelike rigting langs die grense van en insluitende die volgende eiendomme, agtereenvolgens, naamlik Gedeelte D van Sterkspruit No. 907, Gedeelte 124 van Sterkspruit No. 907, Persele Nos. 15 tot 48 van Sterkspruit No. 907; daarvandaan in 'n algemeen noordoostelike rigting langs die grense van en insluitende die volgende eiendomme agtereenvolgens, naamlik genoemde Persele Nos. 15 tot 48 van Sterkspruit No. 907, Assagay Kraal No. 853, tot by die noordelikste baken van genoemde plaas; daarvandaan in 'n algemeen suidelike rigting langs die grense van en insluitende die volgende eiendomme agtereenvolgens, naamlik genoemde Assagay Kraal No. 853, Kirkman No. 915, Waterfall No. 948, Salem No. 1052 tot by die Umlaasrivier; daarvandaan in 'n algemeen westelike rigting langs genoemde rivier tot by die suidelike grens van genoemde Woody Glen No. 1247; daarvandaan in 'n algemeen noordwestelike rigting langs die grens van genoemde Woody Glen No. 1247 tot by die baken wat aan die begin genoem is.

DEPARTMENT OF BANTU ADMINISTRATION AND DEVELOPMENT.

No. 1435.] [18 September 1964.

MUNICIPALITY OF NIGEL.—PROVISION OF HOSTEL FOR BANTU MEN.

The Minister of Bantu Administration and Development has, in terms of paragraph (*c*) of sub-section (1) of section *two* of the Natives (Urban Areas) Consolidation Act, 1945 (Act No. 25 of 1945), approved the defining, setting apart and laying out by the Municipality of Nigel, within the location and Bantu village referred to in Government Notice No. 92, dated the 24th January, 1964, of a certain area of land, 5·2382 morgen in extent, being Erf No. 2 as indicated on plans filed in the office of the Secretary for Bantu Administration and Development, Pretoria, and of the Town Clerk of the said urban local authority, on which to provide one or more buildings or groups of buildings for the accommodation of Bantu men not living under conditions of family life.

DEPARTMENT OF AGRICULTURAL TECHNICAL SERVICES.

No. 1421.] [18 September 1964.

SHONGWENI DAM SOIL CONSERVATION AREA, SITUATED IN THE CAMPERDOWN AND PINETOWN MAGISTERIAL DISTRICTS, PROVINCE OF NATAL.—ALTERATION OF BOUNDARIES (NATAL REGION).

Under the powers vested in me by section *twenty-six* of the Soil Conservation Act, 1946 (Act No. 45 of 1946), as amended, I hereby amend the Schedule to Proclamation No. 43 of 21st March, 1952, as amended by Proclamation No. 60 of 7th March, 1958, by substituting the boundaries of the Shongweni Dam Soil Conservation Area as defined in the said Schedule by the boundaries as defined in the Schedule hereto.

P. M. K. LE ROUX,
Minister of Agricultural Technical Services.

SCHEDULE.

The whole area situated within the following boundaries: From the north-western beacon of the farm Woody Glen No. 1247, in an easterly direction along the boundary of the said Woody Glen No. 1247 to where that boundary intersects the Sterkspruit; thence in a general south-easterly direction along the boundaries of and including the following properties, in succession, namely, the said Woody Glen No. 1247, C and D of Hammarsdale No. 6981, remaining portion of Hammarsdale No. 6981, Lot 5 Sterkspruit No. 1611, Lot 6 Sterkspruit No. 1612, Lot 7 Sterkspruit No. 1605, Waterfrost No. 8120, Lot ZZ 9816, Ground A.G. 7688; thence in a general nort-easterly direction along the boundaries of and including the following properties, in succession, namely, Ground A.F. 7962, Ground A.E. 6616, Ground A.D. 10633; thence in a general westerly and northerly direction along the boundaries of and including the following properties, in succession, namely Portion D of Sterkspruit No. 907, Portion 124 of Sterkspruit No. 907, Lots Nos. 15 to 48 of Sterkspruit No. 907; thence in a general north-easterly direction along the boundaries of and including the following properties, in succession, namely, the said Lots Nos. 15 to 48 of Sterkspruit No. 907, Assagay Kraal No. 853, to the northermost beacon of the said farm; thence in a general southerly direction along the boundaries of and including the following properties, in succession, namely, the said Assagay Kraal No. 853, Kirkman No. 915, Waterfall No. 948, Salem No. 1052 to the Umlaas River; thence in a general westerly direction along the said river to the southern boundary of the said Woody Glen No. 1247; thence in a general north-westerly direction along the boundary of the said Woody Glen No. 1247 to the beacon mentioned at the beginning.

DEPARTEMENT VAN WATERWESE.

No. 1346.] [18 September 1964.

PHALABORWA-WATERRAAD.—AANSTELLING VAN LID.

Hierby word bekendgemaak dat die Minister van Waterwese, kragtens die bepalings van artikel *honderd-en-nege* van die Waterwet, 1956 (Wet No. 54 van 1956), mnr. G. Mrkusic aangestel het om vir 'n tydperk van vier jaar met ingang van die datum van afkondiging hiervan as lid van die Phalaborwa-waterraad te dien.

DEPARTMENT OF WATER AFFAIRS.

No. 1346.] [18 September 1964.

PHALABORWA WATER BOARD.—APPOINTMENT OF MEMBER.

It is hereby notified that the Minister of Water Affairs has, in terms of section *one hundred and nine* of the Water Act, 1956 (Act No. 54 of 1956), appointed Mr. G. Mrkusic to serve as a member of the Phalaborwa Water Board for a period of four years as from the date of publication hereof.

DEPARTEMENT VAN HANDEL EN NYWERHEID.

No. 1453.] [18 September 1964.

INVOERBEHEER.

Sy Edele die Minister van Ekonomiese Sake het onderstaande addisionele invoertoekennings vir 1964 gemagtig:—

(1) *Verbruikersgoedere—Groep B.*—'n Verdere toekenning van 5 persent van 'n invoerder se aanslagbasis vir Groep B-goedere, wat die toekennings vir 1964 op 60 persent te staan sal bring, d.w.s. 'n verhoging van 20 persent vergeleke met die uitreikings vir 1963, sal op aansoek toegestaan word. Indien 'n invoerder nie die addisionele toekenning, wat gemagtig is, gedurende die huidige jaar opneem nie, sal dit by sy aanvangspermit vir 1965 gevoeg word.

(2) *Tekstielstukgoedere.*—'n Verdere toekenning van 10 persent van 'n handelaarinvoerder se aanslagbasis vir tekstielstukgoedere, wat die toekennings vir 1964 op 85 persent, vergeleke met 75 persent in 1963 uitgereik, te staan sal bring, sal op aansoek toegestaan word.

Indien 'n invoerder nie die bykomstige toekenning, wat gemagtig is, in die huidige jaar opneem nie, sal dit by sy aanvangspermit vir 1965 gevoeg word.

Aansoeke kan per brief gedoen word en moet aan die Direkteur van Invoer en Uitvoer, Privaatsak 192, Pretoria, gerig word.

DEPARTMENT OF COMMERCE AND INDUSTRIES.

No. 1453.] [18 September 1964.

IMPORT CONTROL.

The Honourable the Minister of Economic Affairs has authorised the following additional import allocations for 1964:—

(1) *Consumer Goods—Group B.*—A further allocation of 5 per cent of an importer's assessment basis for Group B goods will be made on application, thereby bringing the total allocations for 1964 up to 60 per cent of the assessment basis, i.e. an increase of 20 per cent compared with 1963 issues. If an importer does not apply for the additional allocation, which has been authorised, during the current year it will be added to his initial permit for 1965.

(2) *Textile Piece Goods.*—A further allocation of 10 per cent of a merchant importer's assessment basis for textile piece goods will be made on application, thereby bringing the total allocations for 1964 up to 85 per cent of the assessment basis compared with the 75 per cent issued in 1963.

If an importer does not apply for the additional allocation, which has been authorised, during the current year it will be added to his initial permit for 1965.

Applications may be made by letter and must be submitted to the Director of Imports and Exports, Private Bag 192, Pretoria.

DEPARTEMENT VAN MYNWESE.

No. 1430.] [18 September 1964.

UITHOU VAN GROND VIR DORPSDOELEINDES.

Die Staatspresident het kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *vyf* van die Townships Amendment Act, 1908 (Wet No. 34 van 1908 van Transvaal), 'n stuk geproklameerde grond ongeveer 350 morg groot, vir dorpsdoeleindes uitgehou op die plaas Wegsteek No. 30, registrasie-afdeling L.U., distrik Letaba, myndistrik Pietersburg, Provinsie Transvaal, geregistreer op naam van die Republiek van Suid-Afrika en soos aangetoon op 'n sketskaart waarvan afdrukke in die Mynbriewekantoor, Johannesburg, en in die kantoor van die Mynkommissaris, Pietersburg, onder R.M.T. No. 2517, bewaar word.

M.M. 17/3247.

DEPARTMENT OF MINES.

No. 1430.] [18 September 1964.

RESERVATION OF LAND FOR TOWNSHIP PURPOSES.

The State President, under the powers vested in him by section *five* of the Townships Amendment Act, 1908 (Act No. 34 of 1908 of the Transvaal), has reserved for township purposes a portion of proclaimed land approximately 350 morgen in extent, situate on the farm Wegsteek No. 30, Registration Division L.U., District Letaba, Mining District of Pietersburg, Transvaal Province, registered in the name of the Republic of South Africa and as shown on a sketch plan, copies of which are filed in the Mining Titles Office, Johannesburg, and the office of the Mining Commissioner, Pietersburg, under R.M.T. No. 2517.

M.M. 17/3247.

DEPARTEMENT VAN GESONDHEID.

No. 1425.] [18 September 1964.

AANSTELLING.—STERKFONTEIN-HOSPITAALRAAD, KRUGERSDORP, TRANSVAAL.

Die Minister van Gesondheid het kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *vier-en-vyftig* van die Wet op Geestesgebreken, 1916 (Wet No. 38 van 1916), ondergenoemde persone as lede van die Sterkfonteinhospitaalraad aangestel vir 'n tydperk van drie jaar met ingang van 1 Oktober 1964:—

Dr. G. M. Mes (Voorsitter).
Mnr. J. H. Lotz.
Ds. C. C. van Dyk.

No. 1426.] [18 September 1964.

AANSTELLING.—KOMANI-HOSPITAALRAAD, QUEENSTOWN.

Die Minister van Gesondheid het kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *vier-en-vyftig* van die Wet op Geestesgebreken, 1916 (Wet No. 38 van 1916), ondergenoemde persone as lede van die Komani-hospitaalraad aangestel vir 'n tydperk van drie jaar met ingang van 1 Oktober 1964:—

Dr. T. L. Conradie (Voorsitter).
Mr. P. J. Bakkes.
Mnr. D. J. M. de Kock.

DEPARTMENT OF HEALTH.

No. 1425.] [18 September 1964.

APPOINTMENT.—STERKFONTEIN HOSPITAL BOARD, KRUGERSDORP, TRANSVAAL.

The Minister of Health has, under the powers conferred on him by section *fifty-four* of the Mental Disorders Act, 1916 (Act No. 38 of 1916), appointed the following persons to be members of the Sterkfontein Hospital Board for a period of three years as from the 1st October, 1964:—

Dr. G. M. Mes (Chairman).
Mr. J. H. Lotz.
Rev. C. C. van Dyk.

No. 1426.] [18 September 1964.

APPOINTMENT.—KOMANI HOSPITAL BOARD, QUEENSTOWN.

The Minister of Health has, under the powers conferred on him by section *fifty-four* of the Mental Disorders Act (Act No. 38 of 1916), appointed the following persons to be members of the Komani Hospital Board for a period of three years from the 1st October, 1964:—

Dr. T. L, Conradie (Chairman).
Mr. P. J. Bakkes.
Mr. D. J. M. de Kock.

DEPARTEMENT VAN ARBEID.

No. 1420.] [18 September 1964.

WET OP NYWERHEIDSVERSOENING, 1956.

ONDERSOEK DEUR NYWERHEIDSHOF.—MOTORVOERTUIGBESTUURWERK IN SEKERE LANDDROSDISTRIKTE IN TRANSVAAL EN DIE ORANJE-VRYSTAAT.

Hierby word ingevolge subartikel (4) van artikel *sewe-en-sewentig* van die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, soos gewysig, bekendgemaak dat die Nywerheidshof 'n lasgewing kragtens artikel *sewe-en-sewentig* (2) van genoemde Wet ten opsigte van bogenoemde aangeleentheid ontvang het en dat die Nywerheidshof ondersoek gaan instel na die wenselikheid daarvan om kragtens genoemde artikel 'n vasstelling ooreenkomstig die lasgewing te maak.

Die lasgewing lui soos volg:—

„Kragtens subartikel (2) van artikel *sewe-en-sewentig* van die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, soos gewysig, gelas die Minister van Arbeid die Nywerheidshof om ingevolge hierdie artikel ondersoek in te stel met die doel om—

(*a*) te oorweeg of daar vir Blankes wat in diens is om motorvoertuie te bestuur in ondergenoemde nywerhede en bedrywe in die landdrosdistrikte Alberton, Benoni, Boksburg, Brakpan, Germiston, Heidelberg (Tvl.), Johannesburg, Kempton Park, Klerksdorp, Krugersdorp, Nigel, Oberholzer, Potchefstroom, Pretoria, Randfontein, Roodepoort, Springs, Vanderbijlpark, Vereeniging, Witbank, Bloemfontein, Kroonstad en Sasolburg, voorsorgsmaatreëls teen mededinging tussen rasse getref moet word; en

(*b*) 'n verslag en aanbeveling ingevolge hierdie artikel voor te lê.

Nywerhede en bedrywe.

Sementproduktenywerheid.
Mineraalwaternywerheid.
Klipgroefnywerheid.

DEPARTMENT OF LABOUR.

No. 1420.] [18 September 1964.

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1956.

INVESTIGATION BY INDUSTRIAL TRIBUNAL.—MOTOR VEHICLE DRIVING IN CERTAIN MAGISTERIAL DISTRICTS IN THE TRANSVAAL AND ORANGE FREE STATE.

It is hereby notified, in terms of sub-section (4) of section *seventy-seven* of the Industrial Conciliation Act, 1956, as amended, that the Industrial Tribunal has received a direction in terms of section *seventy-seven* (2) of the said Act, in respect of the above-mentioned matter and that an investigation will be made by the Industrial Tribunal into the desirability of making a determination under the said section in accordance with the direction.

The direction reads as follows:—

"In terms of sub-section (2) of section *seventy-seven* of the Industrial Conciliation Act, 1956, as amended, the Minister of Labour directs the Tribunal to make an investigation under this section for the purpose of

(*a*) considering whether measures should be taken to safeguard White persons employed on motor vehicle driving in the undermentioned industries and trades in the Magisterial Districts of Alberton, Benoni, Boksburg, Brakpan, Germiston, Heidelberg (Tvl.), Johannesburg, Kempton Park, Klerksdorp, Krugersdorp, Nigel, Oberholzer, Potchefstroom, Pretoria, Randfontein, Roodepoort, Springs, Vanderbijlpark, Vereeniging, Witbank, Bloemfontein, Kroonstad and Sasolburg, against inter-racial competition; and

(*b*) submitting a report and recommendation in accordance with this section.

Industries and trades.

Cement Products Industry.
Mineral Water Industry.
Quarrying Industry.

Baksteenvervaardigingsnywerheid.
Die bedryf vir die verkoop en aflewering van sand.
Klipbreeknywerheid.
Die bedryf vir die vervoer van goedere.
Sementvervaardigingsnywerheid.

In hierdie opdrag beteken—

„motorvoertuie" alle voertuie wat gebruik word vir die vervoer van goedere en wat nie deur die krag van mens of dier aangedryf word nie, maar dit sluit nie 'n voertuig in nie waarvan die onbelaste gewig, tesame met die onbelaste gewig van 'n sleepwa of sleepwaens wat aan sodanige voertuig geheg is of daardeur getrek word, minder as 10,000 lb. is; en

„onbelaste gewig" die gewig van 'n voertuig of sleepwa soos aangegee op die lisensie of sertifikaat wat ten opsigte van die voertuig of sleepwa deur 'n lisensieowerheid uitgereik word."

Belanghebbende persone word hierby die geleentheid gebied om skriftelike vertoë in hierdie verband by die Nywerheidshof in te dien. Die vertoë, saam met tien kopieë daarvan, moet die Sekretaris, Nywerheidshof, Privaatsak 277, Pretoria, voor of op 30 November 1964 bereik.

G. H. F. CROUS,
Sekretaris, Nywerheidshof.

No. 1422.] [18 September 1964.

LOONWET, 1957.

LOONRAADONDERSOEK.—DIE BEDRYF VIR DIE VERHUUR VAN WOONSTELLE OF WOONKAMERS, SEKERE BINNELANDSE GEBIEDE.

Die Loonraad het 'n opdrag in verband met bovermelde Bedryf ontvang en gee ooreenkomstig artikel *nege* van die Loonwet, 1957, kennis dat die ondersoek begin het en dat die Raad te gelegener tyd verslag sal doen oor en 'n aanbeveling aan die Minister van Arbeid sal voorlê betreffende die Bedryf vir die Verhuur van Woonstelle of Woonkamers, Sekere Binnelandse Gebiede.

Belanghebbende persone word hierby die geleentheid gebied om skriftelike vertoë tot die Raad te rig. Die vertoë, saam met sewe afskrifte daarvan, moet die Sekretaris, Loonraad, Privaatsak 108, Pretoria, voor of op 15 Oktober 1964 bereik.

Die opdrag lui:—

„Die Adjunk-minister van Arbeid, handelende namens die Minister van Arbeid, versoek die Loonraad ooreenkomstig artikel *vier* van die Loonwet, 1957, om ondersoek in te stel na en aan hom verslag te doen oor die bedryf vir die verhuur van woonstelle of woonkamers in die volgende gebiede:—

Kaapprovinsie.—Die munisipale gebied van Kimberley.

Natal.—Die munisipale gebied van Pietermaritzburg.

Oranje-Vrystaat.—Die munisipale gebied van Bloemfontein en die landdrosdistrik Sasolburg.

Transvaal.—Die landdrosdistrikte Alberton, Benoni, Boksburg, Brakpan, Germiston, Johannesburg, Kempton Park, Krugersdorp, Nigel, Oberholzer, Pretoria, Randfontein, Roodepoort, Springs, Vanderbijlpark en Vereeniging. Vir die doel van hierdie ondersoek gee die Adjunk-minister, namens die Minister, opdrag dat die ondersoek ingestel moet word ten opsigte van alle klasse werknemers in dié bedryf.

Ooreenkomstig subartikel (1) van artikel *ses* van die Wet gee die adjunk-minister, namens die Minister, voorts aan die Raad opdrag om 'n aanbeveling aan hom voor te lê.

Brick Manufacturing Industry.
The Trade for the Sale and Delivery of Sand.
Stonecrushing Industry.
Goods Transportation Trade.
Cement Manufacturing Industry.

In this direction—

'motor vehicles' means all vehicles used for the transportation of goods and not propelled by means of human or animal power but it does not include a vehicle the unladen weight of which, together with the unladen weight of any trailer or trailers attached to or drawn by such vehicle, is less than 10,000 lb.; and

'unladen weight' means the weight of any vehicle or trailer as expressed in a licence or certificate issued by a licensing authority in respect of such vehicle or trailer."

Interested persons are hereby given the opportunity of making written representations to the Industrial Tribunal in this connection. Such representations, accompanied by ten copies thereof, should reach the Secretary, industrial Tribunal, Private Bag 277, Pretoria, not later than the 30th November, 1964.

G. H. F. CROUS,
Secretary, Industrial Tribunal.

No. 1422.] [18 September 1964.

WAGE ACT, 1957.

WAGE BOARD INVESTIGATION.—THE TRADE OF LETTING FLATS OR ROOMS, CERTAIN INLAND AREAS.

The Wage Board has received a reference in respect of the above-mentioned Trade and gives notice in terms of section *nine* of the Wage Act, 1957, that the investigation has commenced and that the Board will in due course report on and submit a recommendation to the Minister of Labour concerning the Trade of Letting Flats or Rooms, Certain Inland Areas.

Interested persons are hereby given the opportunity of making written representations to the Board, Such representations, accompanied by seven copies thereof, should reach the Secretary, Wage Board, Private Bag 108, Pretoria, not later than the 15th October, 1964.

The reference reads:—

"The Deputy-Minister of Labour, acting on behalf of the Minister of Labour, requests the Wage Board, in terms of section *four* of the Wage Act, 1957, to investigate and report to him concerning the Trade of Letting Flats or Rooms in the following areas:—

Cape Province.—The Municipal Area of Kimberley.

Natal.—The Municipal Area of Pietermaritzburg.

Orange Free State.—The Municipal Area of Bloemfontein and the Magisterial District of Sasolburg.

Transvaal.—The Magisterial Districts of Alberton, Benoni, Boksburg, Brakpan, Germiston, Johannesburg, Kempton Park, Krugersdorp, Nigel, Oberholzer, Pretoria, Randfontein, Roodepoort, Springs, Vanderbijlpark and Vereeniging. For the purpose of this investigation the Deputy-Minister, on behalf of the Minister, directs that the investigation shall be in respect of all classes of employees in this trade.

In terms of sub-section (1) of section *six* of the Act, the Deputy-Minister, on behalf of the Minister, further directs the Board to submit to him a recommendation.

In hierdie opdrag beteken—

„die bedryf vir die verhuur van woonstelle of woonkamers" die bedryf soos uitgeoefen deur persone wat verplig is om 'n lisensie vir die verhuur van woonstelle of woonkamers, soos bepaal in item 4 van Deel I van die Tweede Bylae van die Wet op Lisensies, 1962, uit te neem en omvat dit ook die agent aan wie die lisensiehouer die verhuur van woonstelle of woonkamers toevertrou en die werknemers van sodanige agent wat uitsluitlik in verband met die woonstelle of woonkamers in diens geneem is."

DEPARTEMENT VAN GEMEENSKAPSBOU.

No. 1428.] [18 September 1964.

AANSTELLING VAN LEDE VAN DIE BANTOEBEHUISINGSRAAD.

Ooreenkomstig subartikel (9) van artikel *agt* van die Behuisingswet, 1957 (Wet No. 10 van 1957), soos gewysig, word hierby bekendgemaak dat sy Edele die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling kragtens die bevoegd hom verleen by subartikels (3) en (4) van artikel *agt* van die Wet, ondergenoemde persone vir die tydperk 18 Augustus 1964 tot 31 Mei 1966 as lede van die Bantoebehuisingsraad aangestel het:—

Lid.

Mnr. G. F. van L. Froneman, L.V., in die plek van Sy Edele M. C. Botha, Adjunk-minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, wat bedank het.

Plaasvervangende lid.

Mnr. M. J. van den Berg, L.V., vir mnr. G. F. van L. Froneman, L.V.

Sy Edele die Minister het ook mnr. Froneman as Visevoorsitter van die Bantoebehuisingsraad aangewys.

DEPARTEMENT VAN JUSTISIE.

No. 1424.] [18 September 1964.

WYSIGING VAN DIE REËLS WAARBY DIE VERRIGTINGS VAN DIE NATALSE PROVINSIALE AFDELING EN PLAASLIKE AFDELING DURBAN EN KUS VAN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA GEREËL WORD.

Onderstaande wysiging van die reëls waarby die verrigting van die Natalse Provinsiale Afdeling en die Plaaslike Afdeling Durban en Kus van die Hooggeregshof van Suid-Afrika gereël word, word kragtens subartikel (2) van artikel *drie-en-veertig* van die Wet op die Hooggeregshof, 1959, deur die Hoofregter en die Regters-president van die onderskeie afdelings van die Hooggeregshof van Suid-Afrika met die goedkeuring van die Staatspresident uitgevaardig:—

Die vervanging van reël 1 van Order III deur die volgende nuwe reël:—

„1. Daar is elke jaar vier sittingstermyne vir die afhandeling van siviele en kriminele verrigtings in die Provinsiale Afdeling en die Plaaslike Afdeling Durban en Kus, waarvan die eerste op 1 Februarie begin en op die Woensdag wat Goeie Vrydag voorafgaan, eindig, die tweede op die tweede Woensdag na Paasmaandag begin en op 15 Junie eindig, die derde op 1 Augustus begin en op 30 September eindig en die vierde op 15 Oktober begin en op 15 Desember eindig.".

In this reference—

'the trade of letting flats or rooms' means the trade carried on by persons who are required to take out a licence for the letting of flats or rooms as specified in item 4 of Part I of the Second Schedule to the Licences Act, 1962, and also includes the agent to whom the licensee entrusts the letting of flats or rooms and the employees of such agent who are employed exclusively in connection with the flats or rooms."

DEPARTMENT OF COMMUNITY DEVELOPMENT.

No. 1428.] [18 September 1964.

APPOINTMENT OF MEMBERS OF THE BANTU HOUSING BOARD.

In accordance with sub-section (9) of section *eight* of the Housing Act, 1957 (Act No. 10 of 1957), it is hereby notified that the Honourable the Minister of Bantu Administration and Development has in terms of subsections (3) and (4) of section *eight* of the Act, appointed the undermentioned persons to be members of the Bantu Housing Board for the period 18th August, 1964, to 31st May, 1966:—

Member.

Mr. G. F. van L. Froneman, M.P., vice the Honourable M. C. Botha, Deputy-Minister of Bantu Administration and Development, resigned.

Alternate Member.

Mr. M. J. van den Berg, M.P., for Mr. G. F. van L. Froneman, M.P.

The Honourable the Minister has also designated Mr. Froneman as Deputy-Chairman of the Bantu Housing Board.

DEPARTMENT OF JUSTICE.

No. 1424.] [18 September 1964.

AMENDMENT OF THE RULES REGULATING THE CONDUCT OF PROCEEDINGS OF THE NATAL PROVINCIAL DIVISION AND DURBAN AND COAST LOCAL DIVISION OF THE SUPREME COURT OF SOUTH AFRICA.

The Chief Justice and the Judges President of the several divisions of the Supreme Court of South Africa have in terms of sub-section (2) of section *forty-three* of the Supreme Court Act, 1959, with the approval of the State President made the undermentioned amendment to the rules regulating the conduct of proceedings of the Natal Provincial Division and Durban and Coast Local Division of the Supreme Court of South Africa:—

The substitution for rule 1 of Order III of the following new rule:

"1. There shall be four terms in each year for the despatch of civil and criminal business in the Provincial Division and the Durban and Coast Local Division, the first beginning on the 1st February and ending on the Wednesday preceding Good Friday, the second beginning on the second Wednesday after Easter Monday and ending on 15th June, the third beginning on 1st August and ending on 30th September and the fourth beginning on 15th October and ending on 15th December.".

No. 1448.] [18 September 1964.

WYSIGING VAN DIE REËLS WAARBY DIE VERRIGTINGS VAN DIE SUIDWES-AFRIKA-AFDELING VAN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA GEREËL WORD.

Onderstaande wysiging van die reëls waarby die verrigtings van die Suidwes-Afrika-afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika gereël word, word kragtens subartikel (2) van artikel *drie-en-veertig* van die Wet op die Hooggeregshof, 1959, deur die Hoofregter en Regterspresident van die onderskeie afdelings van die Hooggeregshof van Suid-Afrika met die goedkeuring van die Staatspresident uitgevaardig:—

Die vervanging van subreël (3) van reël 28 deur die volgende subreël:—

„(3) Wanneer 'n party in die geding in gebreke bly om sy pleitskrif binne die tydperk deur hierdie reëls voorgeskryf, in te dien, kan sy opponent, na verstryking van vier-en-twintig uur nadat hy om sodanige pleitskrif versoek het, bepaal dat sodanige party verstoke word van die reg om te pleit deur by die griffier 'n kennisgewing te dien effekte in te dien, waarvan 'n afskrif ook aan die verstoke party beteken moet word: Met dien verstande dat die prosedure in hierdie subreël voorgeskryf nie van toepassing is in 'n geval waar 'n kennisgewing tesame met 'n verklaring ingevolge sub-reëls (1) en (2) van reël 20 beteken word nie.".

DEPARTEMENT VAN TOERISME.

No. 1450.] [18 September 1964.

AANSTELLING VAN SEKRETARIS VAN TOERISME.

Hiermee word vir algemene inligting bekendgemaak dat Sy Edele die Minister van Inligting en van Toerisme die aanstelling van Jan Jochemus Wessels as Sekretaris van Toerisme met ingang van 1 September 1964, goedgekeur het.

ALGEMENE KENNISGEWINGS.

KENNISGEWING No. 627 VAN 1964.

Kantoor van die Landmeter-generaal,
Pretoria.

Hierby word bekendgemaak dat die kaarte vir die registrasie van kleims van ondergenoemde myneiendomme na die kantoor van die Landmeter-generaal gestuur is vir bekragtiging ooreenkomstig subartikel (2) van artikel *vyf-en-dertig* van die „Precious and Base Metals Act", 1908 (Wet No. 35 van 1908, Transvaal), en dat hierdie kaarte ingevolge regulasie 37 van die Derde Bylae van genoemde Wet vir 'n tydperk van een maand vanaf die datum van die eerste publikasie van hierdie kennisgewing in die kantoor van die Landmeter-generaal, Pretoria, en in die kantoor van die Mynkommissaris in wie se distrik die eiendom geleë is, ter insae sal lê, en indien geen beswaar voor of op die datum van verstryking van sodanige tydperk by genoemde Landmeter-generaal of Mynkommissaris ingedien word nie, genoemde kaarte bekragtig sal word.

Vir die gerief van die publiek sal afdrukke van genoemde kaarte in die Mynbriewekantoor, Johannesburg, ter insae lê.

L. W. PENTZ,
Landmeter-generaal.

No. 1448.] [18 September 1964.

AMENDMENT OF THE RULES REGULATING THE CONDUCT OF PROCEEDINGS OF THE SOUTH WEST AFRICA DIVISION OF THE SUPREME COURT OF SOUTH AFRICA.

The Chief Justice and the Judges President of the several divisions of the Supreme Court of South Africa have in terms of sub-section (2) of section *forty-three* of the Supreme Court Act, 1959, with the approval of the State President, made the undermentioned amendment to the rules regulating the conduct of proceedings of the South West Africa Division of the Supreme Court of South Africa:—

The substitution for sub-rule (3) of rule 28 of the following sub-rule:—

"(3) Whenever a party to an action has not filed his pleadings within the time prescribed by these rules, his apponent may, after the expiration of twenty-four hours after demand of the pleadings has been made, bar him from pleading by filing with the registrar a notice of bar, a copy whereof shall also be served on the party barred: Provided that the procedure prescribed by this sub-rule shall not apply when a notice is served with a declaration in terms of sub-rules (1) and (2) of rule 20.".

DEPARTMENT OF TOURISM.

No. 1450.] [18 September 1964.

APPOINTMENT OF SECRETARY FOR TOURISM.

It is hereby notified for general information that the Honourable the Minister of Information and of Tourism has approved the appointment of Jan Jochemus Wessels as Secretary for Tourism with effect from 1 September, 1964.

GENERAL NOTICES.

NOTICE No. 627 OF 1964.

Office of the Surveyor-General,
Pretoria.

Notice is hereby given that the diagrams, for the registration of claims, of the undermentioned mining properties, have been sent to the Surveyor-General for confirmation in terms of sub-section (2) of section *thirty-five* of the Precious and Base Metals Act, 1908 (Act No. 35 of 1908, Transvaal), and that in terms of the provisions of regulation 37 of the Third Schedule to the said Act, these diagrams will lie for inspection at the office of the Surveyor-General, Pretoria, and at the office of the Mining Commissioner in whose district the property is situated, for a period of one month from the date of first publication of this notice, and should no objection be lodged with the said Surveyor-General or Mining Commissioner on or before the date of expiration of such period the said diagrams will be confirmed.

For the convenience of the public a copy of the said diagrams will lie for inspection at the Mining Titles Office, Johannesburg.

L. W. PENTZ,
Surveyor-General.

Kaart L.G. No. *Diagram S.G. No.*	Aard en nommer van myneiendom, ens. *Nature and Number of Mining Property, etc.*	Naam en nommer van plaas waarop geleë en distrik. *Name and Number of Farm on which situated and District.*	Myndistrik. *Mining District.*	Eienaar. *Owner.*	Grootte. *Area.*
B. 11/64..	99 Onedelmetaalkleims/ *Base Metal Claims,* R.M.T. No. 1201	Die plase/*The farms* Kasteel No. 766–L.T., Mashawa No. 748–L.T., Hamman No. 747–L.T., en/*and* Granville No. 767–L.T.	Pietersburg.....	Regering van die Republiek van Suid-Afrika / *Government of the Republic of South Africa*	68·1890 morg/ *morgen.*

4–11–18

KENNISGEWING No. 656 VAN 1964.

TRANSKEISE GRONDWET (No. 48 VAN 1963).—AANSTELLING VAN KOMITEE OM ONDERSOEK IN TE STEL NA AFSONDERING VAN GEBIEDE BINNE DIE REGSGEBIED VAN TRANSKEISE DORPE VIR OKKUPASIE OF BESIT DEUR BANTOEPERSONE.

Kennis geskied hierby dat bovermelde komitee ondersoek sal instel na die afsondering van enige gebied of gedeelte van 'n gebied wat binne die regsgebied van die volgende munisipaliteite, dorpsrade of plaaslike rade val, vir okkupasie of besit deur Bantoepersone, op die volgende datums.

Inligting aangaande die vergaderplekke kan by die kantoor van die betrokke plaaslike landdros verkry word:—

Mt. Ayliff, 22 September 1964, om 9 vm.
Bizana, 23 September 1964, om 9 vm.
Flagstaff, 24 September 1964, om 9 vm.
Lusikisiki, 25 September 1964, om 9 vm.
Libode, 28 September 1964, om 9 vm.
Ngqeleni, 28 September 1964, om 2 nm.
Mt. Frere, 29 September 1964, om 9 vm.
Mt. Fletcher, 30 September 1964, om 9 vm.
Tsolo, 1 Oktober 1964, om 9 vm.
Umtata, 1 Oktober 1964, om 2 nm., 2 Oktober 1964, om 9 vm. en 3 Oktober 1964, om 9 vm.

Belastingbetalers van die betrokke dorp en die munisipaliteit, dorpsraad of plaaslike raad word uitgenooi om getuienis aan die komitee voor te lê.

A. M. J. VAN RENSBURG,
Sekretaris, Transkeise Afsonderingskomitee.

Posbus 384,
Pretoria.

NOTICE No. 656 OF 1964.

TRANSKEI CONSTITUTION ACT (ACT No. 48 OF 1963).—APPOINTMENT OF COMMITTEE TO INVESTIGATE ZONING OF AREAS FALLING WITHIN THE JURISDICTION OF TOWNS SITUATED IN THE TRANSKEI FOR OCCUPATION OR OWNERSHIP BY BANTU PERSONS.

Notice is hereby given that the above-mentioned committee will investigate the zoning of any area or portion of an area falling within the jurisdiction of the following municipalities, village management boards or local boards, for occupation or ownership by Bantu persons, on the undermentioned dates.

Information regarding the venues may be obtained from the local magistrate:—

Mt. Ayliff, 22nd September, 1964, at 9 a.m.
Bizana, 23rd September, 1964, at 9 a.m.
Flagstaff, 24th September, 1964, at 9 a.m.
Lusikisiki, 25th September, 1964, at 9 a.m.
Libode, 28th September, 1964, at 9 a.m.
Ngqeleni, 28th September, 1964 at 2 p.m.
Mt. Frere, 29th September, 1964, at 9 a.m.
Mt. Fletcher, 30th September, 1964, at 9 a.m.
Tsolo, 1st October, 1964, at 9 a.m.
Umtata, 1st October, 1964, at 2 p.m., 2nd October, 1964, at 9 a.m. and 3rd October, 1964, at 9 a.m.

Ratepayers of the town and the municipality, village management board or local board concerned are invited to submit evidence to the committee.

A. M. J. VAN RENSBURG,
Secretary, Transkei Zoning Committee,

P.O. Box 384,
Pretoria.

11-18-25

KENNISGEWING No. 660 VAN 1964.

SUID-AFRIKAANSE RESERWEBANK.

Staat van Bates en Laste op die 31ste dag van Augustus 1964.

LASTE.	R c
Kapitaal	2,000,000–00
Reserwefonds	10,115,062–32
Note in Omloop	307,080,733–00
Deposito's:	
Regering	148,644,559–28
Provinsiale Administrasies	12,363,494–93
Bankiers	137,779,961–34
Andere	9,745,188–20
Ander Laste	14,995,830–12
	R642,724,829–19

BATES.	R c
Goud (waarvan R65,496,185–38 buite die Republiek gehou word)	422,854,257–38
Buitelandse:	
Wissels	2,001,489–08
Beleggings	28,852,707–35
Ander Bates	23,256,144–82
Totaal aan Goud en Buitelandse Bates	476,964,598–63
Binnelandse:	
Gediskonteerde Wissels	53,930,000–00
Lenings en Voorskotte:	
Regering	—
Andere	40,053,096–64
Sekuriteite:	
Regering	37,028,916–54
Andere	1,917,967–87
Ander Bates	32,830,249–51
	R642,724,829–19

Verhouding van goudreserwe tot verpligtings teenoor die publiek min buitelandse bates 78·2 persent.

S. F. T. GREAVES, Hoofkassier.

Pretoria, 9 September 1964.

NOTICE No. 660 OF 1964.

SOUTH AFRICAN RESERVE BANK.

Statement of Assets and Liabilities on the 31st day of August, 1964.

LIABILITIES.	R c
